

Werkers het nie die reg om te staak oor afdankings en ander dispute wat die CCMA moet arbitreer nie. Werkers het ook nie die reg om te staak oor iets waartoe hulle reeds ingestem het of skriftelik afgehandel het nie.

In Opsomming

Dit alles beteken dat werkers in elke werkplek kan:

- Saam staan om vir hul regte te veg
- Hulself 'n naam gee
- Reëls volgens ooreenkoms formuleer
- Met die base onderhandel
- Staak

Wanneer werkers by mekaar aansluit is dit 'n goeie idee om behoorlike reëls te hê waartoe almal instem (net soos in enige ander klub, organisasie of vereniging). Dit is belangrik om te weet hoe besluite deur die werkers geneem sal word, sodat hulle verenig kan staan.

Die voorgestelde Grondwet van die Werkersraad is 'n moontlike stel Reëls. 'n Werkersraad sal baie anders werk van 'n tradisionele geregistreerde vakbond.

CWAO:

082 812 1934

076 551 7112

2 High Road,

Georgetown,

Germiston, GAUTENG



Afrikaans - Organising in
the workplace

CWAO

CASUAL WORKERS ADVICE OFFICE

Organisering in die werkplek

Werkers wat Saterdag vergaderings by die CWAO-kantore bywoon, het die Simunye Workers Forum gevorm.

Werkers in sommige werkplekke wil met die base onderhandel.

Hoe kan werkers organiseer en onderhandel as hulle nie deel is van 'n geregistreerde vakbond nie?

Elkeen het die reg om te organiseer en te onderhandel

Die reg om as werkers te organiseer, en om met die base te onderhandel, is 'n grondwetlike reg. Artikel 23 van die Grondwet sê dat:

- Elke werker het die reg om 'n vakbond te stig en om te staak.
- Elke vakbond het die reg om sy eie reëls en prosedures te maak.
- Elke vakbond het die reg om met die base te onderhandel.

Groepe werkers hoef nie as vakbonde te registreer nie. Vakbonde, werkgewersorganisasies en bedingingsrade kan besluit om te registreer of nie. As hulle geregistreer is kry hulle ekstra regte, bo en behalwe die regte wat almal het.

Byvoorbeeld, geregistreerde vakbonde en werkgewersorganisasies kan werkers en werkgewers by die CCMA verteenwoordig. Omdat 'n 'vakbond' sy eie reëls en prosedures kan besluit, hoef hulle nie te registreer nie. Grondwetlike regte is daar vir almal, of hulle registreer of nie. So die reg om te beding, die reg om te staak, en die reg om nie onregverdig afgedank te word nie, is vir almal, nie net vir werkers wat by geregistreerde vakbonde aansluit nie.

Reël 4 van die CCMA Reëls:

Laat werkers toe om een werker 'n mandaat te gee om CCMA-dokumente namens hulle te onderteken, so lank as die werker 'n lys aanheg van die name van die mense wat hom opdrag gegee het. Daar is geen ID-nommers of handtekeninge nodig nie, net 'n lys name. Maar die mense op die lys moes ingestem het dat die een werker die vorm kan onderteken.

Artikel 64 van die WAV laat almal toe om te beding en te staak

Elke werknemer het die reg om te staak na:

- Verwysing van die dispuut na die CCMA;
- Hulle 'n CCMA sertifikaat kry (of vir 30 dae wag); en
- Hulle 48 uur skriftelik kennis gee aan die werkgewer.

Indien die werkgewer weier om met die werkerskomitee (vakbond) te beding, moet die CCMA 'n 'advies toekenning' gee voordat die werkers kan staak.

Artikel 23 van die Grondwet: Arbeidsverhoudinge

(1) Elke een het die reg op regverdigde arbeidspraktyke.

(2) Elke werker het die reg –

- (a) om 'n vakbond te stig en by 'n vakbond aan te sluit;
- (b) om deel te neem aan die aktiwiteite en programme van 'n vakbond; en
- (c) om te staak.

(3) Elke werkgewer het die reg –

- (a) om 'n werkgewersorganisasie te stig en by 'n werkgewersorganisasie aan te sluit; en
- (b) om deel te neem aan die aktiwiteite en programme van 'n werkgewersorganisasie.

(4) Elke vakbond en elke werkgewersorganisasie het die reg—

- (a) om sy eie administrasie, programme en aktiwiteite te bepaal;
- (b) om te organiseer; en
- (c) om 'n federasie te stig en by 'n federasie aan te sluit.

(5) Elke vakbond, werkgewersorganisasie en werkgewer het die reg om aan kollektiewe bedinging deel te neem.

Die LRA sê vir ons wat 'n 'vakbond' is

Enige groep werkers wat saamkom om die base te betrek, is 'n 'vakbond'.

Artikel 213 LRA:

'vakbond' beteken 'n vereniging van werknemers wie se hoofdoel is om verhoudings te reguleer tussen werknemers en werkgewers, insluitend enige werkgewersorganisasie.